# Wat is die beste manier om na wolskape oor te skakel?

L G du Pisani, Nasionale Bestuurder: Produksie Advies en Ontwikkeling

Nasionale Wolkwekersvereniging van SA (NWKV)

---

Wolskaapboerdery is tans op 'n hoogtepunt. Baie boere wil daarna oorslaan, maar is met die huidige hoë pryse van wolskaap-ooie onseker of dit ekonomies geregverdig is. Die NWKV se Produksie Adviseurs beskik oor rekenaarprogramme wat produsente met die besluit sal help.

Die programme wat ontwikkel is, is gebaseer op verskillende opsies om na wolskape oor te skakel. Die opsies behels die volgende:

1 Verkoop die totale bestaande skaapkudde en vervang dit met 'n wolskaapkudde.

2 Verkoop jaarliks die vervangings-ooie van die bestaande skaapkudde en koop wolskaap vervangings-ooitjies in.

3 Koop wolskaap-ooitjies in met die inkomste van die bestaande kudde se jaarlikse uitskot ou-ooie.

4 Gebruik 'n kombinasie van Opsie 2 en 3, waar die bestaande vervangings-ooie en die uitskot-ooie met wolskaap-ooitjies vervang word.

5 Skakel 'n hamelkomponent in by die bestaande boerdery.


Die prysverskille in die verkoopprys van die bestaande kudde en die aankoopprys van die wolskape wat aangekoop word, word deeglik in ag geneem by al die verskillende opsies.

Die voorbeeld wat volg, wys hoe Opsie 1 se aannames in die rekenaarprogram lyk en wat die uitset daarvan is.

**AANNAMES WAT IN DIE PROGRAM VERANDER KAN WORD:**

| **AANNAMES (VUL ASSEBLIEF IN)** | | |
|---|---|---|
| 1. % OOIE WAT DRAGTIG INGEKOOP WORD (RES WORD DROOG INGEKOOP) | 50 | % |
| 2. PRYS ONTVANG PER OOI DRAGTIG VERKOOP | R 1 800 | |
| 3. PRYS ONTVANG PER OOI DROOG VERKOOP | R 1 500 | |
| 4. PRYS BETAAL PER WOL-OOI DRAGTIG INGEKOOP | R 3 000 | |
| 5. PRYS BETAAL PER WOL-OOI DROOG INGEKOOP | R 2 200 | |
| 6. SPEEN % VAN DIE BESTAANDE SKAAPKUDDE | 80 | % |
| 7. HUIDGE RENTEKOERS | 10,5 | % |

**UITSET:**




Die blou lyn verteenwoordig die netto wins van 'n wolskaapkudde waar die verskil in die verkoopprys van die bestaande kudde en die aankoopprys van die wolskaapkudde oor 'n periode van 5 jaar gefinansier word. In die geval van die oranje lyn word die verskil oor 8 jaar gefinansier. Die grys lyn verteenwoordig die bestaande nie-wol skaapkudde op die plaas.

Die NWKV het adviseurs by 5 van die streekkantore. Skakel gerus met die adviseur naaste aan u vir bystand en advies met die gebruik van die rekenaarprogramme.

Bloemfontein – Jan Louis Venter (083 650 1131)

Caledon – Jannie Fourie (083 564 1105)

Carnarvon – Gawie van Wyk (083 270 3161)

Harrismith – Bom Louw (082 652 2243)

Middelburg – Juan Venter (079 693 1953)

Queenstown – Kobus Grobler (072 593 5601)